



PRET IN **PASTELGROEN**

PRET IN PASTEL- GROEN

BENODIGDHED: Pingouin Golden Age 3 ply. **Baadjie met kabels:** 150 g enkel gebruik. **Baadjie met bobbel:** 150 g dubbel gebruik. **Steweltjies:** 25 g dubbel gebruik. **Komers:** 350 g vierdubbel gebruik; breinaalde van 3, 4, 4,50 en 6 mm; hekelpen van 4,50 mm; 6 knope.

MATE: Om borsmaat van 56 cm te pas.

SPANNING: Omdat gare soms enkel, soms dubbel en soms vierdubbel gebrei word, kan slegs aanbeveel word om só te brei dat werk netjies, los en sag sal wees.

AFKORTINGS: r – brei regs – aw – brei aweregs; st(e) – steek (steke); ks – koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rs – rekssteek (= elke ry regs); enkelrif – enkelriffelsteek (= een steek regs, een steek aweregs); vermeer – vermeerder (deur twee keer in dieselfde steek te brei); vermin – verminder (deur twee steke tesame te brei); tes – tesame; rg – regsgewys; awg – aweregs; herh – herhaal; mb – maak bobbel; sb – sluit bobbel; gs – gliipsteek; sk – sluit kabel; tgso – trek gliipsteek oor; RK/VK – regte/verkeerde kant; weersk – weerskante; m1 – maak een steek.

Bobbel – word deur 2 rye gevorm.

1e ry: (r1, aw1, r1) in vlg st [= maak bobbel, (mb)].

2e ry: aw3tes [= sluit bobbel (sb)].

Fopkabelsteek – word deur 4 rye gevorm.

1e ry: (aw2, r1, m1, r1); herh tot einde van ry (= begin van kabel).

2e ry: (r2, aw3) tot einde.

3e ry: (aw2, gl 1, st, r2, trek gs oor 2 r-ste) [= sluit kabel (sk)]; herh tot einde.

4e ry: (aw2, r2) tot einde.

STEWELTJIES

STEL 27 ste met gare dubbel en 4-mm-breinaalde op.

1e, 3e en 5e ry: Brei aw.

2e ry: r1, vermeer, r10, vermeer, r1, vermeer, r10, vermeer, r1 – 31 ste.

4e ry: r1, vermeer, r12, vermeer, r1, vermeer, r12, vermeer, r1 – 35 ste.

6e ry: r1, vermeer, r14, vermeer, r1, vermeer, r14, vermeer, r1 – 39 ste.

7e-9e ry: deurgaans r.

Vlg rye: (RK) r24, (draai, aw8, aw2tes, draai, r8, r2tes) 6 keer; brei dan met RK voor, laaste 8 ste op linkerbreinaald – 27 ste.

Vlg ry: Deurgaans aw.

Gaatjiesry: r1, (m1, r2tes); herh tot einde.

Vlg ry: Deurgaans aw.

Brei 8 rye kabelsteek en heg af.

Werk agternaat toe en draai 'n koordjie om deur gaatjies te ryg.

BAADJIE MET KABELS

STEL 58 ste met gare enkel en 3-mm-breinaalde op en brei 8 rye rs.

Begin kabelsteek en brei ongeveer 19 cm reguit.

Mouvorming: Stel 25 ste aan beg van vlg 2 rye op en brei 4 cm op 108 st (= 3 herhalings van kabelsteekpatroon).

Halsvorming: Vlg 6 rye: Brei 44 ste pat, 20 ste rs en 44 ste pat.

Vlg ry: Brei 48 ste, heg vlg 12 ste af en brei voort op laaste 48 ste om eerste skouer en halwe agterpant te voltooi.

Verminder aan halsrand 1 st elke 2e ry, 3 keer altesaam.

Vlg ry: Stel aan halsrand 12 ste op en hou eerste 4 ste deurgaans rs.

Brei agterpant van mou voort tot 16 cm vanaf begin van mouvorming.

Vlg ry: Heg aan mourand 25 ste af en brei voort op 57 ste tot agterpant so lank soos voorpant tot begin van 8 rye rs is. Brei 8 rye rs en heg af.

Brei tweede agterpant soos uiteengesit, maar met omgekeerde vorming.

AFWERKING: Tel, met RK voor, genoeg ste uit halsrand op om halsboordjie te brei en begin met 1 ry aw.

Vlg ry: (m1, r2tes) tot einde, maar eindig met r2.

Vlg ry: Deurgaans r.

Brei nog 5 rye enkelrif en heg lossies af.

MOUBOORDJIES: Tel, met RK voor, genoeg ste uit mourand op om mouboordjie te vorm, brei 3 cm rif soos uiteengesit en heg af.

Werk sy- en mounate toe. Maak aan agterpanttrand 2 of 3 knooppluse met naald en gare.

Werk knope teenoor knooppluse aan agterpanttrand vas.

BAADJIE MET BOBBELS

VOORPANT: Stel 48 ste op met gare dubbel en 4,50-mm-breinaalde en brei 6 rye rs.

****1e ry:** (RK) r10, aw2, (r1, m1, r1, aw9) 2 keer, r1, m1, r1, aw2, r10.

2e ry: (VK) aw10, r2, (aw3, r11) 2 keer, aw3, r2, aw10.

3e ry: (RK) r10, aw2, (sk, aw9) 2 keer, sk aw2, r10.

4e ry: aw10, r2, (aw2, r4, mb, r4) 2 keer, aw2, r2, aw10.

5e ry: r10, aw2, (r1, m1, r1, aw11) 2 keer, r1, m1, r1, aw2, r10.

6e ry: aw10, r2, (aw3, r3, mb, aw3tes, mb,

r3) 2 keer, aw3, r2, aw10.

7e ry: r10, aw2, (sk, aw13) 2 keer, sk, aw2, r10.

8e ry: aw10, r2, (aw2, r2, mb, aw3tes, mb, aw3tes, mb, r2) 2 keer, aw2, r2, aw10.

9e ry: r10, aw2, (r1, m1, r1, aw15) 2 keer, r1, m1, r1, aw2, r10.

10e ry: aw10, r2, (aw3, r2, aw3tes, mb, aw3tes, mb, aw3tes, r2) 2 keer, aw3, r2, aw10.

11e ry: r10, aw2, (sk, aw13) 2 keer, sk, aw2, r10.

12e ry: aw10, r2, (aw2, r3, aw3tes, mb, aw3tes, r3) 2 keer, aw2, r2, aw10.

13e ry: r10, aw2, (r1, m1, r1, aw11) 2 keer, r1, m1, r1, aw2, r10.

14e ry: aw10, r2, (aw3, r4, aw3tes, r4) 2 keer, aw3, r2, aw10.**

Herh van ** tot ** en vermin 1 st aan beg en einde van 1e ry van elk van vlg 3 patroonherhalings, brei dan reguit tot 46e ry voltooi is.

Mouvorming: Stel 25 ste aan beg van vlg 2 rye op (daar is dan 32 r-ste aan weersk).

Voltooi vlg herh plus nog 2 rye.

Halsvorming: Heg middelste 8 ste af en voltooi elke helfte afsonderlik.

Heg aan halsrand 2 keer 2 ste af, vermin daarna 2 keer 1 st.

Brei nog 4 rye reguit, die skouerrand is hiermee bereik.

Vorm halsrand van agterpant: Stel 12 ste aan halsrand op, hou eerste 5 ste deurgaans rs en brei oorbl ste ks.

Brei nog 25 rye reguit en heg 25 ste aan mourand af. Brei voort om met helfte van voorpant ooreen te stem, eindig met 6 rye rs en heg af.

Brei tweede helfte op dieselfde manier maar met omgekeerde vorming.

AFWERKING: Halsstrook: 1e ry: Met RK voor, tel genoeg ste vir halsstrook uit halsrand op.

2e ry: Deurgaans aw.

3e ry: r2, (m1, r2tes) tot einde, eindig met r2.

4e en 5e ry: Deurgaans r. Heg regsgewys af.

Vou boordjie na binne om en werk vas.

Mouboordjies (2): Soos uiteengesit vir haalsstrook, maar brei 4 rye soos uiteengesit, dan 5 ryen enkelrif en heg af.

Maak met naald en garing aan agterpanttrand 2 of 3 knoopsgate en werk knope in posisie teenoor knoopsgate vas. Werk sy- en mounate toe.

KOMBERS

STEL 67 ste met 6-mm-breinaald en gare vierdubbel op en brei 6 rye rs.

Plaas fopkabelpatroon soos volg: r5, fopkabelsteek (soos uiteengesit) tot laaste 5 ste, r5.

Brei patroon tot werk 55 cm lank is, eindig met 6 rye rs en heg af.

OMRANDING: Hekel 1 rondte kb met 4,50-mm-hekelpen om al vier rande.

2e rondte: (1kb, 5ks, 1dsl, slaan 2 ste oor) in elke steek.

Knip garing af en werk netjies af.